

**14 Desember**

**Skrifgedeelte: Miga 3:1-4:7**

**Fokusgedeelte: Miga 3:8**

### **God gee my (ons) die nodige krag**

Die optrede van die profeet Natan word veral onthou vanweë sy woorde aan Koning Dawid: “Jy is die man!” (Vgl 2 Sam 12:7.)

Waar het hy daardie onverskrokke moed en oortuiging gekry om so op te tree? Die antwoord is baie duidelik uit Miga 3:8. God gee vir elke gelowige die nodige krag. In die Skrif word hierdie krag duidelik in elkeen wat God geroep het om namens Hom op te tree.

Miga, Jeremia en ook Migar, die seun van Jimlia, ‘n naamgenoot Miga, moes teen dié populêre (valse) geestelike leiers (profete) van die konings hulle stemme laat hoor en onverskrokke sê: “So sê die Here, Here.” Trouens, dit is my roeping en jou roeping dat ons as gelowiges sal praat, byvoorbeeld wanneer God se Naam oneer aangedoen word – wanneer God se naam ydellik gebruik word in ons teenwoordigheid of oor die media (TV) ens.

Waaruit weet ons as gelowiges wat reg is en wat verkeerd is? Miga 4:2 gee die antwoord: Uit die Woord van die Here kom die openbaring. Soos wat in vers 2 gestel word, uit Sion sodat ons kan weet wat die WIL van die Here is, dat ons ons lewe daarvolgens kan inrig.

Verder het ons ook die Gees van die Here (die Heilige Gees) ontvang om ons by te staan en in die waarheid te lei. Daarom kan ons as gelowiges saam met Paulus getuig: “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my die krag gee” (Fil 4:13). Reeds in die Ou Testament getuig Miga daarvan:

“Ek, daarenteen, het baie krag,  
Ek het die Gees van die Here...”

Elke Sondag verklaar ons met die aanvang van die erediens: “Ons hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.” Om die redes kan ons vandag en elke dag binnegaan, om as kind van die Here te leef en te werk in sy krag.

Sing: Psalm 89:6

Ds DF Coetzee (Virginia)